

27 Desember

Jesaja 40: 27-31

(Teks: 40: 30 en 31) Soos die arende

Daar was die afgelope jaar weer eens oorvloedige sportbedrywighede: rugby, atletiek, krieket, sokker en vele ander.

Dit lyk asof veral jongmense wat aan sport deelneem, al die energie van die wêreld het. En tog, selfs jonges kan moeg word volgens Jesaja 40.

Jongmense wat geen doel en geen roeping en geen ideale het nie en in dwelm- en dobbelhole rondhang, hulle lyk oud en afgeleef en moeg, maar nie moeg van werk of van gesonde sportbeoefening nie.

Nou sê Jesaja: "Jonges word moeg en mat, en die jongmense struikel selfs, maar die wat op die Here wag kry nuwe krag: hulle vaar op met vleuels soos die arende: hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."

Die arend is vanweë sy buitengewone sterk gespierde vlerke een van die vinnigste wesens op aarde. Hy bereik 'n topsnelheid van ± 240 km per uur wanneer hy op sy prooi afduik. Met sy gevaarlike roofkloue kan hy kleinere diertjies en selfs klein bokkies van die grond af opraap en die lug invlieg.

Nou sê die Here in sy Woord: Net so sterk en kragtig soos die arende, so is hulle wat op die Here wag, op Hom vertrou en hulle krag van Hom kry.

Daar is niks verkeerd met gesonde sportbeoefening nie, maar 'n goeie balans moet gehandhaaf word en die Here moet ook in jou sport gedien word. En onthou, die apostel Paulus sê dat liggaamlike oefening van weinig nut is, veral as ons die waarde daarvan opweeg teen geestelike oefening en geesteskrag wat vir die Christen altyd prioriteit nommer een moet wees.

Sing Psalm 144:1 en 5 Ds. P.A. Smit (Emeritus)